PLAASLIKE OWERHEID KENNISGEWING 191 VAN 2021

THABAZIMBI GRONDGEBRUIKSKEMA, 2014
THABAZIMBI WYSIGINGSKEMA 065

KENNISGEWING VAN AANSOEK VIR WYSIGING VAN DIE THABAZIMBI GRONDGEBRUIKSKEMA, 2014 INGEVOLGE ARTIKEL 16(1) VAN DIE THABAZIMBI GRONDGEBRUIKBESTUUR VERORDENING, 2015 ASOOK DIE Artikel 16(2) van die Thabazimbi Grondgebruikbestuur Verordening, 2015

Ek, Izel van Rooy van die firma Plan Wize Stads-en Streekbeplanners, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Gedeelte 11 van die plaas Doornhoek, 318-KQ Limpopo gee hiermee ingevolge Artikel 16(1) van die Thabazimbi Grondgebruikbestuur Verordening, 2015 saamgelees met die relevante bepalings van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013) (SPLUMA) en Regulasies soos gepromulgeer kennis dat ek aansoek gedoen het by die Thabazimbi Munisipaliteit vir die wysiging van die Thabazimbi Grondgebruikskema, 2014, deur die hersonering van die eiendom soos hierbo beskryf van "Landbou" na "Spesiaal" vir ‘n Privaatoord en aanverwante fasiliteite, ingesluit ‘n “Gemeenskapsaal” vir trou- en ander funskies en ‘n sekondêre werkswinkel vir onderhoudsdoeleindes. Alle gebruike soos toegelaat onder die “Landbou” sonering sal behou word in die Bylaag tot die Skema.

Bykomend hiertoe word aansoek ook gedoen ingevolge Artikel 16(2) van die Thabazimbi Grondgebruikbestuur Verordening, 2015 saamgelees met Artikel 41(1) en Artikel 47(1) van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013) (SPLUMA), by die Thabazimbi Munisipaliteit vir die opheffing van beperkende voorwaardes in die Titelakte T3285/2021 van die eiendom ten einde die gebruik van die eiendom vir Privaatoord en aanverwante gebruike soos bo vermeld, toe te laat.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Bestuurder: Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling, Thabazimbi Munisipaliteit, 7 Rietbokstraat, Thabazimbi vir 'n tydperk van 30 dae vanaf 24 September 2021.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 30 dae vanaf 24 September 2021 skriftelik by of tot die Bestuurder: Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling, Thabazimbi Munisipaliteit, by bovermelde adres of by Privaat Sak X530, Thabazimbi, 0380 ingedien of gerig word.

ADRES VAN AGENT: PLAN WIZE STADS- EN STREEKBEPLANNERS, POSBUS 2445, THABAZIMBI, 0380, TEL: 0824497626 [VERW. NO. T0644]

24-1